9-12-70

G.P.-S.43575—1969-70—2,000 J 219 156/70

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

( Appèl Provincial Division)
( Provinsiale Afdeling)

# Appeal in Civil Case
# Appèl in Siviele Saak

FRANCES BAGGAGE HAMMOND Appellant,

*versus*

STADSRAAD VAN JOHANNESBURG Respondent

*Appellant's Attorney / Prokureur vir Appellant* Kr ek & Cloete *Respondent's Attorney / Prokureur vir Respondent* [illegible]

*Appellant's Advocate / Advokaat vir Appellant* R. B. BURGER *Respondent's Advocate / Advokaat vir Respondent* J. H. COETZEE

*Set down for hearing on / Op die rol geplaas vir verhoor op* 29-3-1971

2.4.6.7.9.

CORAM: VAN BLERK, JANSEN, R.A.R., DIEMONT, MILLER, R.A.T., POTGIETER, WND. R.A.R.

APPELLANT 9.20 VM - 10.04 VM
RESPONDENT 10.04 VM - 10.05 VM
(W.P.A.) APPELLANT 10.05 VM - 10.10 VM
HOF VERDAAG VIR 25 MINUTE
APPELLANT 10.35 VM - 10.42 VM
UITSPRAAK.

DIE AANSOEK WORD UITGESTEL. DIE APPELLANTE MOET DIE BETREFFENDE REKORDVERKLARING INDIEN BINNE 14 DAE VANAF DATUM BY GEBREKE AAN VOLDOENING DAARVAN, WORD DIE APPELLANTE BEVEEL OM VERSKULDIGDE KOSTE VAN DIE VERHOOR (OP 29.3.71) TE BETAAL.

20.8.1971. 3.4.7.8.9. [illegible]

[illegible]

9.45 a.m. [illegible]

[illegible]

Appèl van die rol geskrap en appellante word beveel om respondent se koste te betaal, met inbegrip van respondent se koste ter bestryding van appellante se aansoek om verlof om haar appèl in forma pauperis te voer, en met inbegrip van die koste van die gedeeltelike verhoor van die aansoek op 29 Maart 1971.

[signature]
GRIFFIER.
31.8.1971

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
## (APPèLAFDELING).

~~In die saak tussen:~~

FRANCES BASSAGE HAMMOND....................APPELLANTE.

EN

STADSRAAD VAN JOHANNESBURG..................RESPONDENT.

---

CORAM: BOTHA, WESSELS, TROLLIP, RABIE *ET* MULLER, A.RR.

---

VERHOOR: 20 AUGUSTUS 1971. GELEWER: 31 AUGUSTUS 1971.

---

## U I T S P R A A K.

BOTHA, A.R.

In die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling het die appellante skadevergoeding namens haarself en haar minderjarige kinders van respondent gevorder op grond van die dood van haar eggenoot wat beswyk het as gevolg van beserings wat hy op 11 November 1967 opgedoen

het.../2

het in 'n botsing met 'n munisipale vervoerbus, die eiendom van die respondent, wat ten tyde van die botsing deur ene Vermaak in die loop van sy diens as werknemer van die respondent bestuur was. Die partye het op die quantum van die skade ooreengekom, en die enigste vraag wat die hof a quo moes beslis, was of die respondent vir die skade aanspreeklik was, al dan nie. Die antwoord op hierdie vraag het daarvan afgehang of Vermaak nalatig was en, indien wel, of sy nalatigheid tot die botsing bygedra het. By die bepaling van respondent se aanspreeklikheid was die moontlike bydraende nalatigheid van die oorledene nie ter sake nie (Union Govt. vs. Lee, 1927 A.D. 202) en die betaalbare skadevergoeding was nie ingevolge die Wet op die Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 aan verdeling onderhewig nie.

Oor die feite van die saak was daar geen geskil nie. Slegs twee getuies het ten behoewe van die appellante getuig, nl. Bloumeyer, 'n verkeersinspekteur in diens van die respondent, wat na die botsing opmetings gedoen

en.../3

en 'n plan opgestel het, en Vermaak, die bestuurder van die bus. Die respondent het geen getuienis voorgelê nie.

Die hof a quo het bevind dat Vermaak nie nalatig was nie en absolusie met koste beveel. Teen hierdie bevel is appellante nou in hoër beroep by hierdie Hof. Sy het egter in gebreke gebly om ingevolge reël 6 (2) van die Reëls van hierdie Hof sekuriteit vir die respondent se koste van appèl te verskaf. Hierdie versuim was volgens stukke voor hierdie Hof daaraan te wyte dat appellante se regsverteenwoordigers onder die wanindruk verkeer het dat respondent sou toegestem het dat appellante haar appèl in forma pauperis sou kon voer. Toe hulle daarop gewys is dat dit geensins die geval was nie, het die appellante, wat na bewering nie oor die nodige fondse beskik het nie, 'n aansoek ingevolge reël 4 van die Reëls van hierdie Hof ingedien om haar appèl in forma pauperis te voer.

In haar aansoek het appellante beweer dat sy 'n behoeftige persoon is, en dat daar redelike vooruit-

sigte bestaan dat haar aangetekende appèl sou slaag. Die aansoek is deur die respondent bestry op grond daarvan dat die appellante op die meriete van die saak geen redelike vooruitsigte het om op appèl te slaag nie (<u>Macrose vs. Robinson</u>, 1946 A.D. 1 op bl. 9), sowel as op grond daarvan dat sy nie 'n behoeftige persoon binne die bedoeling van genoemde reël 4 is nie.

In 'n beantwoordende verklaring het respondent se regsverteenwoordigers daarop gewys dat appellante die geregistreerde eienaar is van Onderverdeling 69 van die plaas Sydenham No. 14101, Durban, wat sy uit die boedel van haar oorlede eggenoot ontvang het. Vir boedeldoeleindes is die waarde van die eiendom op R6.987-50 vasgestel, d.w.s. die destydse munisipale waardasie daarvan, nl. R5.590-00, plus 25%. Voorts is daarop gewys dat daar gelyktydig met die oordrag 'n verband van R7.500 ten gunste van die S.A. Permanente Bouvereniging teen die eiendom geregistreer was. In haar repliserende verklaring het appellante hierdie

bewerings erken, maar beweer dat, omdat daar in haar oorlede eggenoot se boedel geen fondse beskikbaar was om die destydse bestaande verband teen die eiendom af te los nie, sy verplig was om 'n nuwe verband ten gunste van die S.A. Permanente Bouvereniging te laat registreer ten einde die eiendom op haar naam te laat oordra. Sy het voorts beweer dat sy geen inkomste gehad het of het waaruit sy die terugbetalings onder die verband kon doen nie, en dat sy 'n ooreenkoms met haar twee meerderjarige seuns, wat as haar borge by die bouvereniging geteken het, aangegaan het waarvolgens hulle onderneem het om die maandelikse paaiemente op die verband sowel as die munisipale belastings op die eiendom te betaal, en waarvolgens sy onderneem het om die eiendom op naam van al haar kinders te laat registreer sodra haar minderjarige kinders meerderjarig sou wees. Sy het beweer dat sy ten gevolge van hierdie ooreenkoms nie by magte was om met die betrokke eiendom na willekeur te handel nie.

By die verhoor van haar aansoek om haar appèl

in forma pauperis te voer, is beëdigde verklarings deur die respondent met toestemming aan hierdie Hof voorgelê waaruit blyk dat die munisipale waardasie van die eiendom tans R11.940 is, en dat die markwaarde van vaste eiendom in Durban oor die algemeen hoër is as die munisipale waardasie daarvan. Nie alleen het appellante in haar oorspronklike aansoek besonderhede in verband met bedoelde eiendom verswyg nie, maar sy het ook in gebreke gebly om daarna vir die doeleindes van haar repliserende verklaring die eiendom te laat waardeer. Dit het sy weereens aan die respondent oorgelaat. Dit toon 'n afkeurenswaardige gebrek aan openhartigheid teenoor hierdie Hof. Met die oog op al hierdie omstandighede het appellante se advokaat haar aansoek om verlof om haar appèl in forma pauperis te voer myns insiens helemaal tereg teruggetrek.

Hierop het die advokaat wat namens respondent opgetree het aansoek gedoen om skrapping van die rol van appellante se appèl teen die uitspraak van die hof a quo op grond daarvan dat sy in gebreke gebly het om ingevolge

reël 6 (2) sekuriteit vir respondent se koste van appèl te verskaf, asook op grond van ander onreëlmatighede met betrekking tot die oorkonde van die saak en die voorlegging daarvan aan hierdie Hof, soos die nie-nakoming van die voorskrifte van, onder meer, reëls 5 (7) en 5 (8) van die Reëls van hierdie Hof. Met die oog op wat hieronder volg is dit onnodig om hierdie beweerde onreëlmatighede verder te behandel, behalwe om slegs besorgdheid daaroor uit te spreek.

Die versuim om sekuriteit ingevolge reël 6 (2) vir respondent se koste van appèl te verskaf is, ofskoon onder die omstandighede nie onverskoonbaar nie, 'n meer ernstige versuim. Die vraag of daardie versuim die skrapping van die appèl van die rol regverdig, moet egter klaarblyklik beslis word volgens dieselfde beginsels waarvolgens hierdie Hof besluit of 'n versuim om aan enige van sy reëls te voldoen na goeddunke gekondoneer behoort te word, al dan nie. By oorweging van daardie vraag is appellante se vooruitsigte om op appèl te slaag dus 'n

relevante faktor (vgl. Kgobane and Another vs. Minister of Justice and Another, 1969 (3) S.A. 365 (A.D.) op bl. 369). Indien haar vooruitsigte om op appèl te slaag uitstekend sou wees, sou die verskaffing van sekuriteit vir respondent se koste van appèl byna 'n blote formaliteit wees. Indien daar egter geen vooruitsigte bestaan dat haar appèl kan slaag nie, sou teen kondonasie van appellante se versuim om aan reël 6 (2) te voldoen, beslis moet word.

Dit is gevolglik nodig om te oorweeg wat appellante se vooruitsigte is om op die meriete op appèl te slaag.

Dit blyk uit die getuienis dat Vermaak gedurende die oggend van 11 November 1967 'n munisipale vervoerbus - een van die grootstes wat respondent destyds in gebruik gehad het - van Wes na Oos in Mainstraat, Johannesburg, bestuur het. Dit was 'n helder oggend. Wes van die kruising met von Wiellighstraat was die noordelike gedeelte van Mainstraat, waar opgrawings gedoen was, vir verkeer gesluit. Die gedeelte wat vir verkeer

gesluit was, was met dromme afgebaken. Slegs 8 treë van Mainstraat, wat 14 treë breed is, was vir verkeer oop. Toe Vermaak die kruising van Main- en von Wiellighstraat nader, was die robot groen in sy guns en hy het die kruising teen 'n spoed van tussen 20 en 23 m.p.u. genader, en toe hy naby die kruising was, het hy sy voet effens van die petrolpedaal gelig. Dit blyk egter nie dat dit die spoed van die bus aanmerklik laat afneem het nie. Dit blyk inteendeel dat die spoed van die bus ten tyde van die botsing nie minder dan ongeveer 20 m.p.u. was nie.

Toe Vermaak die kruising genader het, het hy die oorledene, Hammond, langs die suidelike drom van die versperring tussen die wit lyne wat die voetgangeroorgang aandui, sien staan. Hy het stil gestaan en dit was moontlik dat hy gewag het vir die robot om in sy guns te verander, sodat hy Mainstraat kon oorsteek. Vermaak het 'n afstand van 18" tussen sy bus en die versperring aan die noordelike kant van Mainstraat toegelaat omdat, soos hy beweer, daar twee strome verkeer van Oos na Wes in

Mainstraat afgekom het, en daar dus min beweegruimte vir sy swaar bus oorgebly het. Indien die oorledene by die drom sou bly staan het, sou Vermaak se bus slegs ongeveer 18 duim van hom af verbygegaan het. Vermaak kon nie sê of oorledene op enige stadium in sy rigting gekyk het en dus van die aantog van sy bus bewus was nie.

Vermaak sê dat hy die oorledene nie al die tyd dop gehou het nie, omdat hy sy aandag by die verkeer voor en langs hom moes bepaal. Die pad was nou en Vermaak sê hy moes voor en langs hom kyk om seker te maak dat sy bus in die verkeer veilig was. Hy het nie sy toeter geblaas nie, omdat die robot groen in sy guns was. Behalwe dat Vermaak gesê het dat hy sy aandag ook op die verkeer voor hom moes bepaal, was daar geen getuienis oor watter verkeer voor hom was nie of hoe ver voor hom nie.

Vermaak het die oorledene skielik 3 voet reg voor die bus opgemerk. Hy het die oorledene nie vanaf die drom in die pad van die bus sien beweeg nie. Hy het hom skielik voor die bus sien staan met sy hande uitgestrek

asof hy die bus wou afweer. Die oorledene is met die linker voormodderskerm van die bus getref ongeveer 3 voet vanaf die plek waar Vermaak hom laas by die drom sien staan het. Die plek van botsing wat Vermaak aan die verkeersinspekteur uitgewys het, is ongeveer 1 tree suid vanaf bedoelde drom. Vermaak sê hy kon nie verder suid van die versperring in Mainstraat gery het nie, want dan sou hy met die verkeer van voor gebots het. Om dieselfde rede kon hy ook nie regs geswenk het toe hy oorledene skielik voor hom gewaar het nie. Na die botsing het Vermaak sy bus so gou doenlik ongeveer 9 treë vanaf die punt van botsing in die kruising tot stilstand gebring. Ek sê so gou doenlik omdat Vermaak sê dat as 'n bestuurder sy bus tot stilstand bring hy steeds die veiligheid van staande passasiers in gedagte moet hou, want 'n passasier wat opgestaan het om gereed te maak om van die bus af te klim kan van sy voete afgeruk en beseer word.

As in gedagte gehou word dat die versperring aan die noordelike kant van Mainstraat verkeer van Wes na

Oos na die suidelike gedeelte van Mainstraat afgekeer het waarop twee strome verkeer van Oos na Wes beweeg het, en dat Vermaak derhalwe slegs 18" vanaf die versperring kon voortbeweeg, en dus slegs daardie afstand vanaf die oorledene sou verbygegaan het, en hy ook met die oog op die verkeer van voor dus min beweegruimte gehad het vir sy swaar bus wat hy vanweë die gevaar vir sy passasiers nie skielik tot stilstand sou kon bring nie, het hy na my oordeel in daardie omstandighede ietwat te vinnig gery. Sy pad was egter oop en die robot was in sy guns en hy was geregtig om aan te neem dat die oorledene wat vermoedelik op die robot gestaan en wag het om Mainstraat oor te steek, daar sou bly staan het totdat die robot verander het. Vermaak het min beweegruimte vir sy swaar bus gehad en hy moes sy aandag ook bepaal by die verkeer voor en langs hom en dus kon hy oorledene nie deurgaans dophou nie. Die toestande sou nie anders gewees het as hy heelwat stadiger gery het nie. Hy sou nog steeds sy aandag moes verdeel het tussen die oorledene en die ver-

keer.../13

keer voor en langs hom.

Van die feit dat die bus die oorledene getref het 'n enkele tree vanaf die plek waar Vermaak hom laas sien staan het, kan redelik afgelei word dat die oorledene daardie tree voor die bus in beweeg het toe die bus feitlik op hom was, anders sou hy verder suid in Mainstraat deur die bus getref gewees het.

As die oorledene voor die bus in beweeg het toe die bus feitlik op hom was, en dit blyk die enigste redelike afleiding van die getuienis te wees, dan kon daar geen oorsaaklike verband tussen die spoed van die bus en die botsing bestaan het nie, want die botsing sou dan in elk geval nog plaasgevind het selfs al sou Vermaak heelwat stadiger gery het. Onder die omstandighede meen ek dat daar geen redelike vooruitsigte bestaan dat appellante op die meriete op appèl kan slaag nie.

Die appèl word gevolglik van die rol geskrap en appellante word beveel om respondent se koste te betaal,

met.../14

met inbegrip van respondent se koste ter bestryding van appellante se aansoek om verlof om haar appèl <u>in forma pauperis</u> te voer, en met inbegrip van die koste van die gedeeltelike verhoor van die aansoek op 29 Maart 1971.

D H Botha

BOTHA, A.R.

WESSELS, A.R.

TROLLIP, A.R.

RABIE, A.R.

MULLER, A.R.

Stem saam.